Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 04 Sep 2018
Page: 27

AVE: 36556.17
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



**Alicia Puren, kaptein van Kovsies.** Foto: VARSITY SPORTS

# Kovsies deel nóg slae uit, neem die voortou

**Annchen Nel**

Daar is 'n nuwe voorloper in die Varsitybeker-netbalreeks.

Die Kovsies van die Universiteit van die Vrystaat het Maandagaand ná hul tweede oorwinning van die naweek die boonste posisie ingeneem.

Ná 'n wegholoorwinning van 90-25 Sondag oor die Vaal Universiteit van Tegnologie, het die Bloemfonteiners gisteraand oortuigend met 92-46 met die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) afgereken.

Die Potchefstromers van die Noordwes-Universiteit (NWU) is die ander onoorwonne span ná die vierde ronde.

VUT het dit gister in Bloemfontein met 94-30 ontgeld.

Die Kovsies en die NWU het albei 20 punte met die Bloemfonteiners in die eerste plek danksy 'n beter doeleverskil.

Tuks het gister in Stellenbosch die Madibaz van die Nelson Mandela-Universiteit hul eerste nederlaag toegedien.

Die Pretorianers het met 67-39 geseëvier en 'n bonuspunt verdien, maar dié verdedigende kampioene is steeds in die vyfde plek.

Hulle het ná die eerste kwart met 15-10 voorgeloop en van daar af die petrolpedaal net diepter ingetrap. Tuks het in die tweede kwart 21 doele bygevoeg om te gaan rus met die telling op 36-19.

Akusua Mensah, Tuks-hulpdoelverdediger, was die Speler van die Wedstryd.

Dit was ook eenrigtingverkeer tussen die Maties en die Universiteit van Johannesburg.

Die Stellenbossers het ná hul eerste nederlaag Sondagaand weer op die wenpad gekom met 'n oorwinning van 63-30 op hul tuisbaan.

Die Maties het met die rustyd met 28-10 voorgeloop. Hulle is nou in die derde plek, met die Madibaz vierde.

Stephanie Brandt, hoofdoelverdediger van die Maties, was die Speler van die Wedstryd.

Die eindstryd van die reeks is op 8 Oktober.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.